



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

28 Oktober 2021

### **Gedagte vir die week:**

Geloof is die voël wat die dagbreek voel aankom en daarom begin sing terwyl dit nog donker is.

### **Vertretpunt:**

Matteus 20:1-16

### **Meditasie uit die Woord:**

Ons teks van die week is 'n teks vir die kerk en nie eintlik 'n teks vir die werk nie. Dit sal nie deel uitmaak van die B.Comm of B.Rek of LL.B kurrikulum op universiteit nie. Die wêreld sal dit verstaanbaar as onsinnig en onregverdig afmaak en debatte begin oor kommunisme, sosialisme en kapitalisme. Die punt is: dit is nie vir hulle wêreld bedoel nie. Jesus wil vir sy kerk, sy toegewyde dissipels, 'n les gee in die "mindset" van ons God en Vader. Hy wil hulle leer nalv die Ryk Jongman se storie dat ons na alles nie leef uit óns verdienste nie, maar uit Vader se genade. Hy wil hulle, veral vir Petrus, leer dat God se hart oorvloedig gee en nie somme (7 of 7x7 of 7x70!) maak wat beperkend is en met die minimum probeer verby kom nie. Ons Vader is die tweede myl Vader wat soos die vader van die verlore seun nooit ophou wag vir sy kinders nie en wat staan teenoor ons "tough love" wat strepe en grense trek en skedules opstel. Ons word subtiel uitgenooi om met hierdie "nuwe" Goddelike "mindset" na ons werk te gaan en daar met nederigheid en sagtheid die beginsels van regverdigheid en die billike reëls na te kom. B.Comm- en B.Rek- en LL.B studente wat eers kinders van God is, en daarna studente van hulle vakgebied, sal dit verstaan! Jou kursus maak jou slim, jou geloof in Jesus Christus maak jou wys.

### **Reisgesprek en Youtube-skakel:**

**Op Sondagoggend 31 Oktober 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou.** Die opname van die reisgesprek was moeilik so tussen die fases en kopiereg-probleme deur, maar ek kon darem iets op die tafel kry. Jy kan aan 'n digitale reisgesprek vir hierdie week deelneem by

[https://youtu.be/qcnj9QJsv\\_I](https://youtu.be/qcnj9QJsv_I)

### **Meditasie uit die Lewe:**

Ek gesels hierdie week met oom Dave Munro. Ek vertel hom hoe sentraal my doop in my geloofsreis staan. Hy vertel toe dat hy twee keer gedoop is, eers as kind in die Presbiteriaanse Kerk en later as getroude man in die NG Kerk. Hy en sy wyle vrou, Querentia, het op Maltahohe gewoon toe hy besluit om oor te gaan van die Presbiteriaanse Kerk na die NG Kerk, want al verskil tussen die twee is taal. Hy meld toe aan by die NG-dominee op die dorp waar hy hoor hy moet oorgekatkiseer en oorgedoop word. Oom Dave in sy altyd rustige stemtoon sê toe: "Die dominee wou my nie voetstoots aanvaar nie". Ek sal dit altyd onthou, want in een sin sê oom Dave jare se teologie. Die kerk is na alles veronderstel om 'n ruimte te wees waar ons almal voetstoots aanvaar word. Net jammer dit is nie. Genadiglik is God nie soos wat ons van sy kerk gemaak het nie anders was ons almal verlore. God se kerk is 'n voetstootskerk anders is dit nie sy kerk nie.

### **Aantekening:**

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)